higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N560**(A)**(N20)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5

(4010175)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n antwoordboek van 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Die Finansiële Staat moet volgens die 2001-sillabus gedoen word.
4. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
5. Toon AL die berekeninge tussen hakies, waar van toepassing.
6. Skryf jou EKSAMENNOMMER en die SENTRUMNOMMER op elke bladsy op die aangehegte ANTWOORDBOEK.
7. Tipp-Ex mag NIE gebruik word nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Die proefbalans van Hester en Nester, handeldrywende as HN Dealers, het op 31 Augustus 2016, die einde van hulle finansiële tydperk, die volgende bevat:

	DEBIET	KREDIET
Kapitaal: Hester		120 000
Nester		130 000
Lopende rekening: Hester	15 600	
Nester		21 800
Trekkings: Hester	34 500	
Nester	13 400	
Salaris: Nester	5 000	
Lening: Hester (20%)		20 000
Algemene reserwe		42 000
Wins en verlies		106 193

Volgens die vennootskapsooreenkom moet die netto wins of verlies soos volg verdeel word:

1. Die vennote ontvang rente op hul kapitaal teen 15% per jaar. Neem in ag dat Nester die saldo ('balance') van haar kapitaalrekening op 1 Junie 2016 met R10 000 verhoog het.

2. As bestuurder van die onderneming ontvang Hester 'n maandelikse salaris van R8 000, en Nester moet aan die einde van die finansiële tydperk 'n salaris van R24 000 ontvang.

3. Elke vennoot is geregtig op 20% rente per jaar op sy/haar lopende rekening.

4. Rente op die trekkingsrekening moet teen 18% per jaar bereken word.

5. Rente op die lening wat deur Hester aangegaan is, word aan die einde van die finansiële tydperk bereken. R5 000 word elke jaar aan die einde van Februarie aan haar terugbetaal.

6. Die algemene reserwe moet aangepas word tot R30 000.

7. 'n Werknemersbonusfonds van R8 000 moet voorsien word.

8. Die oorblywende wins of verlies word gelyk ('equally') tussen die vennote verdeel.

GEVRA

1.1 Berei die inkomstestaat en die aanwendingstaat ('appropriation statement') voor vir die jaar geëindig 31 Augustus 2016. (30)

1.2 Toon die aantekeninge ('notes') van die lopende rekening in die balansstaat. (20)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Gebruik die gegewe besonderhede om die volgende rekeninge op te trek in die boeke van die Tshepo Traders-hoofkantoor, wat 'n tak het in Polokwane, vir die jaar eindigende September 2016. ALLE gelde wat ontvang word, word in die tak se bank gedeponeer.

Goedere word teen die verkoopprys, naamlik kosprys plus 60%, na die tak gestuur. Balanseer al die rekeninge. Reken dit om tot die naaste rand.

2.1 Takvoorraad ('Branch stock') (8)

2.2 Takaanpassing ('Branch adjustment') (11)

2.3 Tak se bank (5)

2.4 Goedere na tak (5)

2.5 Wins en verlies van tak

Die volgende inligting is deur die tak verskaf vir die jaar geëindig September 2016.

Voorraad by die tak op 1 September 2016 (verkoopprys)	99 360
Saldo ('Balance') van die tak se bank op 1 September 2016	36 000
Toerusting van tak	47 000
Opgelope waardevermindering van die tak se toerusting	2 360
Goedere na tak gestuur gedurende die jaar, teen verkoopprys	984 680
Goedere teruggestuur na hoofkantoor gedurende die jaar, teen verkoopprys	10 080
Kontantverkope van tak	567 120
Kredietverkope van tak	414 720
Invordering ('Collection') van debiteure	372 000
Teruggegee deur debiteure	23 540
Onkoste betaal deur die tak	
Skryfbehoeftes	760
Reklame	6 000
Onkoste namens die tak deur hoofkantoor betaal	
Salarisse	41 000
Telefoon	11 340

(11)

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE INLIGTING

a) Voorraad voorhande op 31 September 2016 (teen verkoopprys) was R99 210 en skryfbehoeftes, R210.

b) Skryf die waardevermindering op toerusting af teen 20% per jaar, volgens die afnemendesaldo-metode ('diminished balance method').

c) Die tak het 'n verlies gely van R4 000 weens voorraad wat afgemerk moes word.

d) Die takbestuurder het besluit om die uitstaande saldo van debiteur M. Lebo af te skryf, R400.

e) Reklame sluit 'n bedrag van R2 000 in vir aanwending in die volgende finansiële tydperk.

[40]

VRAAG 3

Die volgende data is 'n opsomming van die transaksies vir 'n produk deur Mpho Dealers tydens Mei 2016. Toon die voorraadkaart ('stock card') vir die betrokke item deur van die volgende gebruik te maak:

3.1 Gemiddeldekosprys-metode ('Average cost price method') (17)

3.2 EIEU-metode ('FIFO method') (23)

Mei 2016	
1.	Voorraad voorhande: 46 eenhede @ R53,40
7.	Gekoop: 16 eenhede @ R55,80
11.	Verkoop: 10 eenhede @ R86,50
21.	Verkoop: 22 eenhede @ R87,50
24.	Gekoop: 14 eenhede @ R56,90 Vervoerkoste ('Carriage') R126,00
30.	Verkoop: 20 eenhede @ R90,80 Vervoerkoste ('Carriage') R58,00

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende proefbalans is geneem uit die rekords van Sunnyday Stores op 30 Augustus 2015:

	DEBIET	KREDIET
Kapitaal		144 840
Trekkings	15 120	
Netto wins		91 360
Belegging: Best Bank (9%)	60 000	
Verband ('Mortgage bond') (15%)		90 000
Toerusting	38 880	
Opgelope waardevermindering op toerusting		5 180
Voertuig	228 920	
Opgelope waardevermindering op voertuig		19 780
Inventaris	80 930	
Debiteurekontrole	36 860	
Bank		28 420
Voorsiening vir slegte skuld		1 474
Krediteurekontrole		80 220
Kleinkas ('Petty cash')	300	
Onkoste betaalbaar: Huur betaal		960
Vooruitbetaalde onkoste: Versekering	1 224	
	462 234	462 234

Die onderneming het nie volledig rekord gehou van sy transaksies nie, maar die volgende inligting was beskikbaar op 30 Augustus 2016, die einde van hulle finansiële tydperk:

AANTEKENINGE VIR BALANSSTAAT

1. Waardevermindering op toerusting moet afgeskryf word teen 10% van die boekwaarde, en op die voertuig teen 20% op die kosprys.

2. 'n Voorraadopname het getoon dat die volgende voorhande was:
   Handelsvoorraad R96 750
   Skryfbehoeftes R270

3. Rente van R800 is betaalbaar op die belegging en R870 is verskuldig vir water en elektrisiteit.

4. Kleinkasvoorskot ('Petty cash imprest') is met R50 verhoog.

Kopiereg voorbehou

5. Debiteure skuld R56 760, waarvan R1 440 afgeskryf moet word as onverhaalbaar. Voorsiening vir slegte skuld moet aangepas word tot 5% van goeie skuld.

6. Die bedrag wat deur die eienaar getrek is beloop R71 360.

7. Krediteure het R75 420 beloop.

8. R10 000 is op 1 September 2015 op die lening terugbetaal. Alle rente vir die jaar is betaal.

9. Gedurende die jaar is R608 360 gedeponeer, en tjeks ter waarde van R580 720 is uitgereik.

GEVRA

Die balansstaat van Sunnyday Stores op 30 Augustus 2016

[40]

VRAAG 5

Bereken die volgende vir die onderneming Fun Hardware, op 31 Februarie 2016, die einde van die finansiële tydperk. Rond af tot twee desimale.

5.1 Opbreng op eienaarsekwiteit ('Return on owners' equity')

5.2 Bruto winspersentasie

5.3 Omsettempo ('Turnover rate') van debiteure

5.4 Gemiddelde betalingstydperk aan krediteure (dae)

5.5 Omsettempo van voorraad

Kopiereg voorbehou

5.6 Vuurproefverhouding ('Acid-test ratio')

	31 Februarie 2015	31 Februarie 2016
	R	R
Kapitaal	R528 000	R600 000
Debiteure	235 000	365 000
Trekkings	21 000	14 000
Krediteure	220 000	240 000
Verband ('Mortgage bond')	120 000	120 000
Inventaris	480 000	600 000
Spaargeld	375 000	420 000
Aankope	600 000	1 200 000
Kontantverkope	480 000	720 000
Kredietverkope	1 680 000	2 160 000
Totale bedryfsuitgawes	800 000	682 000
Bruto wins	540 000	576 000
Totale bedryfsinkomste	390 000	250 000

Die volgende inligting is ook beskikbaar:

a) Die onderneming handhaaf 'n bruto winspersentasie van 20% op die omset.
b) Die onderneming ontvang 90 dae krediet van krediteure.
c) Debiteure word 60 dae gegee om hulle rekenings aan die onderneming te betaal.
d) 'n Goeie omsettempo ('turnover rate') vir soortgelyke ondernemings in Suid-Afrika is VIER keer per jaar.
e) 40% van aankope was in kontant.

(6 × 5) **[30]**

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou